Wat ek van die Kerk verwag in die huidige tydsgewrig

STEF COETZEE

Prof. Stef Coetzee is verbonde aan die Besigheidskool van die Universiteit van Stellenbosch.

Soos die meeste ander instellings in die land is die NG Kerk (NGK) tans in die greep van verandering. Die vraag is nie meer of die NGK moet verander nie, die vraag is slegs wat die aard van verandering is wat die NGK moet ondergaan. Vir geruime tyd reeds is die waarneming onder ingeligte lidmate en ander dat die NGK 'n "laat wegspring" in die nuwe Suid-Afrika maak. Die vraag is of die NGK nou verlore grond kan inhaal om 'n leiersrol in die burgerlike samelewing te speel en of daar maar voortgegaan sal word met "besigheid soos gewoonlik."

DIE UITDAGING VIR DIE NGK IS KOMPLEKS:

Eerstens

is daar agterstande uit die verlede wat nie maklik ingehaal kan word nie. Die NGK as instelling het nie 'n profetiese stem tydens apartheidsjare laat hoor nie en sal daarom nie maklik as "legitiem" beskou word in die nuwe bedeling nie.

Tweedens

is die NGK tans in 'n ingewikkelde stryd gewikkel om met die VGK en die NGKA te verenig. 'n Uitgerekte, onverkwiklike proses sal verdere beeldskade berokken.

Derdens

is die NGK tans deel van 'n samelewing in oorgang waar daar positiewe sowel as negatiewe "omgewingsfaktore" is. Die lidmate van die NGK is in 'n groot mate vuisvoos van transformasie, regstellende aksie en die effek daarvan; kriminaliteit en plaasmoorde; korrupsie; en toenemende werkloosheid onder die jeug.

Vierdens

verloor die NGK grond teen die charismatiese kerke en is daar 'n byna daaglikse uittog van jongmense.

Uit bogaande bespreking sou afgelei kon word dat die NGK in die kruisvure van transformasie vasgevang is en dat daar geen eenvoudige uitweg is nie. 'n Mens sou kon sê die NGK verkeer in krisis. Maar die Chinese interpretasie van die woord krisis het twee kante: die een is die krisis of probleemkant, die ander die geleenthede wat uit 'n krisis voortspruit. Een ding is duidelik: Die NGK moet spoedeisend die geleentheidskant van die krisis benut. Ondervinding met veranderingsbestuur wys dat daar ten tye van verandering met 'n sin vir dringendheid opgetree moet word. Die volgende belangrike stappe kan oorweeg word:

1

Die NGK moet duidelik die krag van God openbaar en onder die leiding van die Heilige Gees 'n herlewing onder gemeentes te weeg bring wat soos 'n vloedgolf oor Suid-Afrika sal rol. Hiermee kan die basis gelê word vir die velerlei ander aksies wat die NGK van stapel moet stuur en moet 'n nuwe opwinding geskep word wat mense in hulle duisende na die kerk laat stroom. Soos in Jes. 2: 2-3 geskryf is: "Daar kom 'n tyd dat die berg waarop die huis van die Here is, 'n blywende plek sal hê bokant die bergtoppe en sal uitstaan bo die heuwels. Al die nasies sal daarheen stroom, baie volke sal daarnatoe gaan en sê: 'Kom laat ons optrek na die berg van die Here toe, na die Huis van die God van Jakob sodat Hy ons sy wil kan leer, en ons daarvolgens kan lewe...' "

2

Die NGK moet 'n leiersrol vervul en nie vir die moeilike uitdagings en vraagstukke van ons tyd terugdeins nie. Die NGK sal met 'n nuwe en verfrissende stem oor die Suid-Afrikaanse vraagstukke moet praat op 'n manier wat by die kerk pas. Die NGK moet moeite doen om sy lidmate daaroor in te lig en hulle betrokke te kry by belangrike aksies van die kerk in dié verband.

3

Die NGK moet in vennootskap tree met ander kerke en organisasies van die burgerlike samelewing om 'n bydrae te lewer om van die belangrikste probleme van ons tyd die hoof te help bied. Die effek van die NGK sal dramaties verhoog word deur in 'n netwerk van organisasies te werk en nie net op eie houtjie dinge te onderneem nie.

4

Die NGK het 'n belangrike versoenende rol te speel in 'n steeds diep-verdeelde samelewing en kan 'n katalisator word van nuwe houdings en gedrag, gebaseer op Christelike waardes. Hiervoor sal dit veral belangrik wees om uit te reik na mense wat nie noodwendig deel van die NGK se tradisionele ondersteuningsbasis is nie. Terseldertyd moet alle pogings aangewend word om versoening en samesmelting met die VGK en die NGKA te bewerkstellig.

5

Die leiers en leraars van die NGK moet die grootste mate van empatie met sy lidmate toon en naby die hartslag van gemeentelede lewe. Belangrike probleme waarmee die gemeentelede te doen kry, moet onder die aandag van die owerheid gebring word. Die samewerking van die owerheid en ander belanghebbende organisasies moet verkry word. Die onlangse gesprek van die NGK met President Mbeki skep 'n nuwe geleentheid vir die NGK om invloed by die regering te verhoog.

6

Die NGK moet 'n kerk van hoop word in Suid-Afrika wat mense uit die negatiewe kringloop van die afgelope jare kan lig en met nuwe insig en geloof vir die taak wat voorlê, toerus.